



Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

BELEIDSDOKUMENT: SH03

GEESTELIKE BELEID

Direksie- / Bestuurslid	Naam en van:	Handtekening van aftekenaar:
Voorsitter:	Hannes Thorburn	
Ondervoorsitter:	Louisa Campbell	
Skoolhoof:	Tinus Botma	
Bedryfshoof:	Madelein Fourie	

Datum goedgekeur:	Augustus 2019	
Goedgekeur deur:	DIREKSIE / BESTUURSPAN	
Hersieningsdatum:	Augustus 2022	
Hersien deur:	BESTUURSPAN	
Uitgawe:	2 ^{de}	
Verantwoordelike persoon:	SKOOLHOOF	

DOEL:

Die doel is om as institusie God Drie-enig as Skepper te erken en aan die leerders van Elnatan die geleentheid te bied dat hulle God kan ontmoet en liefhê sodat hulle gelowige ligdraers vir Jesus in die wêreld kan wees.

VISIE

Privaatskool Elnatan verskaf 'n Christelike opvoeding tot die volle ontwikkeling van elke leerder se potensiaal tot eer van God en tot voordeel van sy naaste.

MISSIE

Die skool sal deurentyd alles in sy vermoë doen om 'n klimaat te skep waarin leerlinge onderrig volgens Christelike waardes ontvang. Die skool aanvaar die BYBEL as die enigste en ware riglyn vir 'n mens se lewe

OPVOEDKUNDIGE GRONDSLAG/KONSTITUSIE:

Die bevordering en aanbieding van onderwys op 'n Christelike basis wat Christelike beginsels te alle tye bevorder en die Bybel as onderliggende maatstaf in onderrig gebruik.

1. UITBREIDING VAN DIE VIER ELEMENTE VAN DIE KONSTITUSIE:

- Die bevordering en aanbieding van onderwys op CHRISTELIKE FONDAMENTE:

Die skool neem as beginsel van Christelike waardes en norme die BYBEL as die onfeilbare Woord van God en die ONFEILBARE RIGLYN vir ons Christelike lewe.

- Om 'n atmosfeer binne die skool te skep vir die vestiging, beoefening en voortsetting van Christelike beginsels by ELKE leerder:

Die skool moedig alle kerkverbande aan om hulle lidmate in die tyd beskikbaar gestel, te bedien.

- Opvoedende onderwys en onderwysende opvoeding gebaseer op Christelike waardes:

Die onderrigmetode in die klassituasie sowel as die opvoeding in die algemene lewe by die skool sal gebaseer wees op die beginsels, lewenswaardes, perspektiewe en norme van die BYBEL.

- Aanbieding van Christelike onderrig gebaseer op die BYBEL as WOORD VAN GOD:

Die aanbieding van die kurrikulum van elke vakgebied sal gebaseer wees op die BYBEL en sal ten doel hê om God as die enigste Skepper, Onderhouer en Regeerder van alle dinge te ken, te eer en te verheerlik.

2. DIE VERHOUDING TUSSEN DIE SKOOL EN DIE KERKE/DENOMINASIES

- Die verskillende kerke vorm deel van die skool. Die skool aanvaar die feit dat daar verskille in leer tussen hierdie kerke voorkom en dat hierdie verskille nie op die terrein van die skool nie, maar wel op die terrein van die kerke lê, om aan te spreek.
- Die skool sal waar moontlik die bedienaars van die Woord wat by die skool betrokke is by die opening of afsluiting en by ander toerustingseleenthede betrek, op voorwaarde dat sodanige optrede aan die vereistes van die skool sal voldoen.

3. TAAK VAN DIE SKOOL

Die skool, in sy roeping om wetenskap in die lig van die Bybel te beoefen sal sorg dra dat:

- die beginsels van God se Woord in ons onderlinge verhoudinge gehandhaaf word
- dat die skool die ruimte bied waar die red van siele en die geestelike bystand van kinders bevorder word deur goedtoegeruste, wedergebore personeel binne die skool.

4. VEREISTES VIR SPREKERS, GROEPE EN KAMP

Kampe sal gerig wees op geestelike weerbaarheid op grond van die suiwer beginsels van God se Woord. Sprekers of groepe wat hier optree moet vooraf 'n getuienis voorlê en hulle onderwerp aan die riglyne deur die skool neergelê.

Sprekers of groepe wat hier optree sal hulle weerhou daarvan:

- om enige iets te doen of te sê in stryd met die BYBEL.
- om kritiek uit te spreek teen persone of kerke.
- om enige kontroversiële uitsprake te maak wat strydpunte bevorder.

Daar sal altyd verantwoordelike toesig van Elnatan personeellede by kampe en gesprekseleenthede wees.

5. KEURING EN BEOORDELING VAN SPREKERS EN KAMPE

Om te verseker dat die skool in alle aktiwiteite sy taak en roeping volgens die BYBEL vervul, sal die bestuurspan alle sprekers, kampe, onderwerpe en programme keur volgens die vereistes wat deur die skool daar gestel is.